

Hoofstuk van die dag: Psalm 113

> *Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien? (vers 5-6)*

Psalms 113-118 vorm die sg. Groot Hallel of Egiptiese Hallel, waarin die deurlopende tema is dat die Here geprys moet word

vir sy verlossing uit Egipte. Dit was deel van die Joodse Pasga-viering, en Jesus het dit ook saam met sy dissipels gesing voordat Hy na Getsemane is op die aand waarop Hy gevange geneem is (Matt 26:30).
In Ps 113 word almal opgeroep om God te prys omdat Hy hoog verhewe is, maar tog nie afsydig is nie. Hy sien alles op aarde en is daar vir hulle wat randfigure van die samelewing geword het (vers7). Jesus eggo hierdie psalm in sy Saligsprekinge (Matt 5:3-12). Dit is hoe ons God in die Bybel leer ken. God staar Hom nie blind teen die waarskynlike keuses nie. Daarom kies Hy vir Jakob, nie Esau nie (Rom 9:11), en vir Dawid, en nie sy broers nie (1 Sam 16:7). Daarom word ’n onbelangrike meisie uit Nasaret die moeder van sy Seun, en nie ’n vername vrou van daardie tyd nie.
Daarom kan jy ook juig oor God, want Hy het jou raakgesien.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026